

Konstabel mik vir Springbokspan

Dis nie aldag wat 'n plaaslike dame uitdraaf op die rugbyveld nie, wat nog te sê vir 'n moontlike posisie in die Springbokspan. Monica Mazibuko (25) is gebore en het grootgeword in Sasolburg waar sy aan Sasolburg Hoër gematrikuleer het. Mazibuko was al op skool 'n uitblinker op die sportveld. Sy het onder andere deelgeneem aan hokkie, sokker en krieket. Vanaf graad vyf het sy die provinsiale skole netbalspan verteenwoordig.

In 2014 voltooi Mazibuko haar BED graad aan die Universiteit van Noord-Wes,

Potchefstroomkampus. Haar liefde vir rugby het by netbal begin. “My netbal-afrigter het altyd vir my gesê dat ek te rof speel. Ek het glo die bal soos 'n rugbyspeler gegooi” vertel Mazibuko. “Dis toe dat ek maar in 2015 rugby as sport uitgetoets het.” Na die afloop van die proewe slaan sy toe sommer vir die volgende agtereenvolgende drie jaar 'n posisie los in die Valke rugbyspan. Sy speel onderskeidelik nommer 11 vleuel, 12 binnesenter en 15 heelagter.

In 2018 het sy vir 'n jaar opleiding ontvang by die SAPD Kollege. Daar het sy ook

met die bal op die rugbyveld rond gehardloop. Na afloop van haar studies is sy deur SAPD verplaas en verhuis sy na Heilbron in Januarie 2019. Mazibuko is tans 'n konstabel in die SAPD op Heilbron.

Gedurende 9 tot 16 Junie het sy vir die SAPD Vrystaatspan in Secunda uitgedraf. In daardie tydperk is sy gekies tot die SA Intermaatspan wat gekies word uit spelers van al die provinsies van Suid-Afrika. Mazibuko was aan die einde van die toernooi aangewys as beste speler van die laaste wedstryd. Sy was ook aangewys as die beste

agterspeler van die toernooi. Al die spanne sal volgende week, 10 tot 20 Julie 2019 teen mekaar meeding in Drakenstein in die Wes-Kaap, waarna die SA Springbok vrouerugbyspan gekies sal word.

“Daar is baie strawwe kompetisie in hierdie spanne, maar ek is vas oortuig ek gaan die Springbokspan haal”, noem Mazibuko. “Ek is baie dankbaar vir almal by die Heilbron Polisiestasie wat my só ondersteun en in my glo.” Heilbron sien uit om die konstabel in groen en goud te sien eerder as in 'n blou uniform.

Phiritona inwoners geskok na skietvoorval

Die gemeenskap van Phiritona is geruk nadat daar Woensdagaand 'n man koelbloedig in sy huis doodgeskiet is. 'n Onbekende manlike persoon het om 19:20 aan die agterdeur van die woning geklop.

Die inwoner se kinders en maat het die boonste gedeelte van die houtdeur oopgemaak om die kyk wie daardie tyd van die aand daar is. Die verdagte het na die man

van die huis gevra en hulle het hom gaan roep. Die twee mans het 'n kort gesprek gehad waarna die verdagte 'n 9mm pistool uitgepluk en die inwoner met 'n enkele skoot in sy kop noodlottig gewond het. Die veiligheidshek was in die proses nog gesluit.

Die motief vir die moord is onbekend en die polisie is op soek na die verdagte.

MISDAADverslag

• Heilbron Herald het verlede week berig oor 'n huisinbraak op die plaas Putfontein. Die polisie het intussen die videomateriaal wat gevind was ontleed en dit het gelei tot die arrestasie van een van die verdagtes. Twee verdagtes kon op die videomateriaal gesien word, maar een kon nog nie uitgeken word nie. Die verdagte wat gearresteer is, was 'n plaaswerker op die betrokke plaas en was bewus daarvan dat die inwoners nie tuis is nie. Hy is oorspronklik afkomstig vanaf Reitz en steeds in aanhouding.

• Veediefstalle is nog steeds buite beheer en besig om toe te neem. Laasweek is daar onderskeidelik 44 skape en 5 beeste op twee plase in die Heilbron omgewing gesteel. Die polisie soek steeds na die veediewe. Nodige maatreëls moet in plek wees om diere veilig te hou en te beskerm. Kleinvee moet in die aande in kampe gehou word. Reël met medeboere om patrollies deur die nag te ry om veediefstal so te beheer en te voorkom.

• Diewe slaan alweer op stilstaande voertuie toe. Sondag nag het ongewenste persone toegang tot Clover se perseel verkry deur die draadheining. 'n Swaarmotorvoertuig was op die perseel parkeer terwyl die drywer daarin oornag het. Hy het wakker geword toe hy twee verdagtes by die voertuig gewaar het. Hulle het geskrik en te voet gevlug nadat hy die voertuig se noodligte aangeskakel het. Twee voertuigbande is toe reeds gesteel.

Die verdagtes is onbekend. Persone met meer inligting moet dit aan die SAPD oorhandig sodat die verdagtes opgespoor kan word.



(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

Veilingsdatums vir Julie

VRYDAG
12 Julie om 11:00
SATERDAG
27 Julie om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak

WOLTER 084 407 9394
Implemente inskrywings is ook baie welkom.



Op die foto bo Konstabel Monica Mazibuko.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 **Faks:** 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



TATA
HEILBRON

VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!



TATA
HEILBRON

Dié span mag maar!

AP Kerk veiling

Die van julle wat al van die APK gemeente in Heilbron se funksies soos die basaar of 'n damestee byge- woon het, sal weet hierdie span oefen nie meer nie, hulle kan.

Op 12 Julie 2019 vind die APK veiling in die klipkerkie plaas.

Die Klipkerkie het net die regte atmosfeer en voorkoms vir so 'n geleentheid.

Die Binnelander-kykers kan Ben Kruger in lewende lywe hier kom ontmoet. Hy is die man wat jou gaan oortuig om daardie beursie nie te dig toe te hou nie.

Dis nie net 'n veiling van alles en nog wat nie; dis 'n heerlike kuieraand. Die driegang- maaltyd sal uit die boonste rakke wees met wyn op die tafel en die kontantkroeg is al

genoeg rede om die etekaartjie te koop.

Die goedere wat opgeveil gaan word wis- sel van 'n slagskaap, direk van die plaas, tot daardie baadjie, pet en verkyker vir die leun- stoel jagter wat die blesbok, wat klaar ge- skiet is, self kan bewerk of laat bewerk!

Daar gaan 'n konveksie-oond wees - elke huisvrou se droom, asook antieke en ou meubels vir die regte koper.

Daar is sakke saad vir saaiboere en nog vele meer, maak hierdie die geleentheid om nie mis te loop nie.

Kom kuier en geniet die aand saam met vriende en familie.



Okkie van Binnelanders kom kuier



Hierdie besoek van Ben Kruger vind plaas op Vrydag 12 Julie 2019 waartydens hy as program- leier sal optree by die AP Kerk Veiling in die Klipkerkie.

Aandag alle ouers!

• Heilbron Kliniek

Na aanleiding van TB uitbraak in Koppies en Parys skole wil ons die ouers bewus maak van moontlike TB simptome.

KINDERS MET TB SIMPTOME

- Hoes vir meer as 2 weke sonder verbetering
- met behandeling.
- Aanhoudende koors vir 2 weke en meer.
- Onverklaarbare gewigsverlies.
- Uitputting (Altyd moeg).
- Nagsweet - deurdrenkend.

Kontak die naaste kliniek indien enige van hierdie simptome waargeneem word.

Dames leer meer van grimeertegnieke

Diegene wat nie by hierdie werkswin- kel was nie, het baie uitgemis. Luha in Heilbron, het Saterdag, 29 Junie 2019, 'n Make-Up 101 kursus aangebied. Stacey, 'n grimeerspesialis het vanaf Vereniging gekom om die dag vir die dames aan te bied. 13 Dames het die dag bygewoon en daar was heerlike verversing en lekkernye beskikbaar. Stacey het 'n model saamgebring wat sy gebruik het om die verskillende teg- nieke aan die dames te demonstreer. Sy het ook 'n werksboekie aan die besoekers uit- gedeel om hulle nota's neer te pen. Stacey het vir hulle gewys hoe om daaglikse grimering gou-gou te verander om te pas by 'n funksie later die aand. Elke dame wat die dag byge- woon het, het hul eie grimeersakkie saamge- neem. Stacey het gedemonstreer wat elkeen met die produkte in daardie sakkie kon doen. Die dames is ook bederf met 'n pakkie vol skoonheidsprodukte. "Dit was 'n baie leer- same en lekker dag, ek het nie geweet ek grimeer myself so verkeerd nie" laat hoor 'n deelnemer. Hou gerus vir Luhu dop, want hierdie klas is een van vele nog. Ander kreatiewe klasse sal ook volg.



Stacey (Professionele grimeerkunstenaar) en haar model wat sy saamgebring het vir die demonstra- sies.



Basiese grimeertegnieke vir verskillende resultate.

		7			3			2
					6			7
9			2	7	4	6	5	1
	9		7	4			6	3
7		6		9	1			8
3	1	8	6	2	5			
8	6	9						4
5	7	4	8	3		9	1	6
		2		6		7	8	5

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Is jy JAG gereed?

Kepse, hemde en meer NOU beskikbaar

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

Grondeienaars moet betyds voorsiening maak

• Heilbron Landbou

1998 (Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar rondom wer- kershuisse en ander geboue waar brande kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref word om brande te voorkom.

Versuim om gehoor te gee aan die bepa- lings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande,

it is alweer wintertyd en ongeluk- kig die tyd waarin veldbrande ont- staan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

Beskerm jou viervoetiges hierdie winter

Nadat groot gedeeltes van die land die afgelope weke onder verskeie kouefronte deurgeloopt het, en steeds koue ervaar, word daar 'n beroep gedoen op vierpotige-eienaars om hul troeteldiere te beskerm teen die koue. Heilbron het vanaf Maandagaand grade onder vriespunt beleef. Selfs donkies en perde se behoeftes moet ook in ag geneem word gedurende hierdie koue. Hier volg wenke hoe om jou troeteldiere hierdie winter veilig te hou:

Inenting: Net soos mense kan die koue

lug wat troeteldiere inasem omskakel in brongitis, maak dus seker jou hond is teen hondehokhoes ingeënt.

Gesels met jou veearts: As jou dier simptome het van stadig opstaan nadat hulle gelê het of sukkel om op banke en beddens te spring of selfs trappe te klim, kan hy sukkel met artritis. Die winter weerstoestand kan dit geweldig vererger. Gesels met jou veearts indien jou dier swaarkry sodat jou hondekind behandel kan word.

Warm skuiling: Diere jonger as 'n jaar

moet liefies binnenshuis slaap. Indien jou ouer diere buite slaap, maak seker hulle is beskut teen die koue en het 'n lekker warm skuiling om in te slaap. Indien jy honderasse het wat dik pelse het en hou van ysige weer, gee hulle steeds die opsie sou hulle binnenshuis wil bly. Skaf vir jou troeteldier 'n warm jassie of truitjie aan wat hulle in die koue kan warm hou. Jy kan selfs koerantpapier onder jou honde se komberse plaas om hulle te beskerm teen die koue van die vloer. Aangesien die hondekinders

gedurende die winter meer tyd in die huis gaan spandeer, maak seker jou huis is diervriendelik. Wees versigtig met verwarmers as jou diere in die huis is, die kans is goed dat hulle dit gaan omstamp.

Rig jou hondehokke in: Keer die koue deur die hondehok met mat te isoleer. Verskuif die hok so dat hy uit die wind en weer staan, verkieslik op 'n stoep onder 'n afdak. Gooi ekstra komberse in die hok en maak seker hy is teen alle tye droog.

Gelukkige wenners



Op die foto's bo is twee gelukkige pa's wat Vadersdag geskenkbewyse by SPAR Heilbron gewen het. Op die foto links is Eugene Flemming, en regs Paul Mokoena saam met Jimmy de Villiers-Smith wat die geskenkbewys oorhandig.



Foto erkenning: maroelamedia.co.za

#inourname make a difference

If something only happened, it's always the man's fault, whether it's a murder, robbery or even an affair with other people, it's always the man's fault. Therefore, a male organization was formed called #inourname. The purpose of this organization is to make people aware that not all men are always bad. They want to make a difference in society. #inourname started in May with a soup-kitchen program. This program will run until August. During this time, the organization makes soup and

bread which they then distribute to less fortunate people. The photos below show how they spoil the pensioners at Phiritona Post Office with delicious hot soups and fresh bread rolls. Currently, #inourname uses donors to help them help these people. They want to change people's mindset over men. More such programs will be launched in the future, such as keeping Heilbron and the community clean. They will also provide a date for a main program: Men's Forum, which will also kick off soon.



Briewe aan: Redakteur Die Skepping skreeu om Genade ...

Die volgende skrywe is ontvang van Bessie van Zyl van Heilbron gerig aan die redakteur.

Ons hoor en lees van "Leef Groen" en van aardverwarming, maar glo ons dit regtig?

Rommelstrooiing is 'n alledaagse gesig in ons dorpe en op ons strande, met weinig uitsonderings waar dit skoon is.

300 Ton rommel is 'n tyd gelede deur vrywilligers op Durban se strand versamel.

Ons hier aan die suidpunt van Afrika staan op die drempel van 'n reuse ekologiese ramp as gevolg van rommelstrooiing en die vernietiging van ons bome.

'n Navorser in Marine-biologie aan die Universiteit van Natal, Refilwe Mofokeng, het gesê: "Mense sal baie gou hulle verbruikerspatrone moet verander. So nie, gaan die lewe op aarde vir mens en dier onleefbaar word. Die mens is besig om sy eie ondergang te bewerk.

8 Miljoen ton plastiek word jaarliks deur Indonesië en ander omliggende buurlande in die see gestort.

Daar bestaan reeds drywende eilande van plastiek in die see.

Walvisse gaan dood as gevolg van plastiek

wat hul inneem en seeskilpaaie raak daarin verstrengel.

Die mens bestrooi die aarde met bierblikke, plastiek van allerlei aard, papier, bottels, karton, sigarethouers en stompies, ou motorwrakke, sinkplate, ens...

Ons verbruik en vernietig, ons verryk en verarm, ons verbrand en gooi weg.

Geen stukkie ongerepte strand word met rus gelaat nie, want ons moet ontwikkel. Ons bou woonstelle, winkelsentrums, paaie, pretparke, lê plaveisel en versmoor die aarde met beton!

Kom ons word opnuut bewus van dié dreigende gevare wat die versteuring van die ekologie inhou en die gevolglike uitsterwing van plantspesies en dierelewe.

Kom ons gebruik versigtig deur minder te gebruik, ons omgewing te versorg en bewaar asook ons lewensbronne, naamlik water en lug skoon te hou ter wille van die aarde se behoud en vir ons nageslag. Beywer u om bome aan te plant, dit is lewe! Want, Die Skepping skreeu om Genade!!!

Skakel Niël by 076 517 4104 vir inligting aangaande herwinning. Hy bedryf die plaaslike herwinningsaanleg.

KOEKVEL

Elke dorp het ten minste een. En die *townships* het baie. Sommiges doen dit vir kontant, ander vir kruideniersware.

Daar word geraam dat een uit elke twee swart Suid-Afkaners aan 'n stokvel behoort. Die term “stokvel” kom van die Engelse woord “stock fair” af. Blykbaar dateer hierdie gebruik vroeg uit die 19e eeu. Die aantal stokvelorganisasies word op ten minste 800 000 geraam. Hulle belê ongeveer R50 miljard per jaar in hierdie orga-nisasies.

Die eerste amptelike Suid-Afrikaanse stokvel wat as 'n begrafnisskema gefunksioneer het, is in 1932 gestig. “Mohodisana” is die Sothoterm vir 'n stokvel, en sommige verwys daarna as die “gooi-gooi”, wat verwys na die geld wat in 'n pot gegooi word.

'N STOKVEL BESTAAN GEWOONLIK UIT 12 OF MEER LEDE. Die groep kan self besluit hoeveel lede daar moet wees. Volgens www.life.co.za betaan die gemiddelde Suid-Afrikaanse stokvel uit 27 lede wat elkeen gemiddeld R210 per maand bydra.

Geld, of in baie gevalle, kruideniersware word weekliks, tweewekliks of maandeliks deur die organisasies uitbetaal. Die persoon wie dit ontvang, verander elke keer en hulle word roteer. Die organisasie is klein en daarom is dit maklik om agter te kom wie nie betaal het nie.

Die stokvel stel gewoonlik sy eie grondwet op: hoeveel geld maandeliks bygedra moet word, hoe die geld belê gaan word en onder watter omstandighede mag die geld onttrek word. Daar moet maatreëls wees wat in werking tree wanneer een lid nie betaal nie of wanneer iemand doodgaan, asook wanneer nuwe lede aansluit.

Indien 'n bankrekening geopen word, kan twee of drie mense tekenreg hê en niemand anders mag geld onttrek nie. Die stokvel moet, onder normale omstandighede, gereeld geoudit word en die verslae daarvan moet aan elke lid beskikbaar gestel word. Sommige banke bied 'n spesiale rekening hiervoor wat so min as R7 maandelikse bankkoste hef.

Vir diegene wat graag wil spaar, is hierdie 'n briljante idee: die groep word gedruk om te spaar. Wanneer 'n uitbetaling belê word, kan 'n beter rentekoers beding word. Party stokvelorganisasies kan hulle geld gebruik om in aandele te belê. Die lede moet elkeen hulle huiswerk daarvoor doen en weet presies waar en hoeveel geld vir watter periode belê moet word. Die beleggers kan dus beter vir hulle toekoms beplan. Die risiko om bestee te word, daal wanneer in hierdie “spaarklubs” belê word.

EK HET GLAD NIE BOGENOEMDE INGE-DAGTE GEHAD TOE EK MY ORGANISASIE BEGIN HET NIE. Dit was iets wat ek graag wou doen, en uiteindelik kon ek.

Ek het bloot 'n verjaarsdaglys by die kerk se kantoor gaan bedel en my groepie saamgestel: een persoon per maand, 11 maande lank, en ek vir my eie maand.

Baie mense het gegiggel toe ek dit die “Koekvel” gedoop het. Ek het begin bel: dit was vir my eienaardig dat sommige nie deel wou wees van my organisasie nie, so asof ek hulle op een of ander manier gaan indoen.



EK HET MY PLAN VERDUIDELIK.

Twaalf persone, een vir elke maand. Wanneer Januarie se persoon verjaar, bring 11 ander vir haar iets soet of iets sout vir haar verjaarsdag. Dan kan almal saamkuier, en verjaarsdagmaatjie kan nog mense nooi, sonder dat sy die hele dag voor die stoof moet deurbring. Sy moet dan net die tafel dek.

Amper dieselfde as 'n stokvel, net met koek. En tee. En koffie.

Ek kry toe uiteindelik my lysie vriendinne bymekaar. Almal was vuur en vlam. En so ontstaan die Koekvel. Ons het opsluit 'n *WhatsApp-groep* gestig.

Ek het al my resepteboeke gefynkam: ek wou 'n *signature cake* maak wat ek na elke Koekvel toe kon neem, wat vingerlek-lekker is en mooi lyk. Vandag kry ek nog navrae oor my Rooifluweelkoek met die wit maaskaasversiersel. Blykbaar is dit baie lekker, ek weet nie, ek het nog nooit my eie koek geproe nie. Ek weet net hoe proe die deeg wanneer dit nog rou is. Uit eie keuse.

Later sou ek uitvind dat my Koekvel deur sommige beskou word as dié organisasie om aan te behoort. Nie dat daar ander organisasies in ons klein dorpie was nie.

Omdat ons Pretoria toe getrek het, is ek nou al vir amper drie jaar nie meer lid van my eie organisasie nie. (Dit klink baie *ghrënd*, maar dit is glad nie!) Intussen is een tannie begrawe, een het onttrek en 'n paar maande daarna weer teruggekom, 'n ander een het getrek.

MAAR DIE KOEKVEL BESTAAN NOG.

Die huidige lede het mekaar geken, soos wat mense in klein dorpies gewoonlik doen, maar hulle was nie vriende nie. Nou is hulle.

Toe ons twee maande gelede by ons vorige dorp gaan kuier het, het die Koekvellers my genooi vir koek en tee. Dit was so spesiaal: hulle het 'n lang tafel gedek en elkeen het 'n blikbord met lekkernye gekry. Saam met dit was spesiale moerkoffie met kondensmelk. Daar was blomme op die tafel en elkeen het 'n glimlag saamgebring.

En ek mis dit in Pretoria: mense met wie ek kan kuier omdat ons mekaar gekies het, nie omdat ons saam werk of omdat ons iets van mekaar kan kry nie.

Sondagaand kom die boodskappe: wat van ons gaan drink somer net saam koffie by 'n buurdorp? My hart trek met 'n punt soontoe: ek wens ek was 340 kilometer nader sodat ek kan saamgaan. (Ja, ek is steeds, as ere-stigterslid, die admin van die *WhatsApp-groep*.)

Ek stuur 'n *location* na die groep toe, en vra so ewe of hulle my kan kom oplaai. Tong in die kies belowe een van die Koekvellers dat hulle op 'n sekere tyd by my sou wees. Ons lag lekker saam vir die lawwigheid.

Vanmiddag pos hulle foto's op die *WhatsApp-groep*: weereens 'n lang tafel met blomme, glimlagte en 'n lekker stuk koek. Met ons koue berge as agtergrond.

In my wildste drome sou ek nie kon dink dat die Koekvel nà omtrent 6 jaar steeds sou bestaan nie. Spontaan het elkeen aangegaan om die verjaarsdagpartytjies te reël, gelukwensings op *WhatsApp* te pos, 'n grappie hier en daar te deel.

En ja, ek mis dit nog steeds.

Ek wens nog steeds ons was 340 kilometer nader.



RIEMLAND MUSEUM TYE VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

Die rus ingegaan



† Nelie Myburgh is oorlede in die ouderdom van 88. Sy was jare lank

gevestig in Heilbron en geken aan haar saggeaarde gees. Sy laat na haar vier seuns, nege kleinkinders en ses agterkleinkinders. Haar begrafnis vind plaas op 9 Julie om 9:30 te plaas Middelpunt, waarna die diens plaasvind om 11:00 vanuit NG Moeder-gemeente. † Chicane Sameul Thinane is oorlede in die ouderdom

van 34. Sy diens het plaas gevind op Saterdag, 29 Junie 2019 te Heilbron begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende. † Modiste Winston Mafale is oorlede in die ouderdom van 38. Sy diens het plaas gevind op Saterdag, 29 Junie 2019 te White City begraaf-plaas. Hy laat na sy fami-lie en vriende.

KERKNUUS



NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Fonds vir Blindes (TOIBO), Blok 1

NG SUID

Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)
Deurkollekte DVB, Skinkbeurt Groep 3

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREK. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
Woensdag: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/ booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

GEKLASSIFISEERD
Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Sa 6 Julie	0 / 21	Sonnig
So 7 Julie	1 / 19	Sonnig
Ma 8 Julie	3 / 17	Sonnig
Di 9 Julie	1 / 20	Sonnig
Wo 10 Julie	4 / 20	Sonnig
Do 11 Julie	3 / 22	Sonnig
Vr 12 Julie	5 / 23	Sonnig
Sa 13 Julie	5 / 23	Sonnig
So 14 Julie	3 / 22	Sonnig
Ma 15 Julie	2 / 21	Sonnig
Di 16 Julie	1 / 20	Sonnig

KENNISGEWING
In die boedel van wyle ANNA BERNADINA VILJOEN, Identiteitsnommer: 430919 0020 08 2, 'n pensioenaris, in lewe woonagtig te Huis Emily Hobhouse, 5de Straat 6, Koppies, Vrystaat.
Boedelnommer: 5782/2018
Datum van afsterwe: 11 Februarie 2018
Alle persone met vordering teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die betrokke Eksekuteur(s) inlewer. Geteken te Vereeniging op hierdie 28ste dag van Junie 2019.
(GET) LW VAN WYK
DE KLERK, VERMAAK & VENNOTE ING. (PROKUREUR VIR EKSEKUTEUR)
ISTE VLOER, ORWELL PARK - BLOK 3 ORWELLRYLAAN, DRIE RIVIERE VEREENIGING
POSBUS 338, VEREENIGING, 1930
TEL: 016 454 0222
VERW: LW VAN WYK/RA/L02456

KENNISGEWING
In die boedel van wyle LAMBERT PETRUS VAN SITTERT, in lewe woonagtig te Besterstraat 16, PETRUS STEYN, 9640.
Gebore: 1939-07-21
Identiteitsnommer: 390721 5056 089
Boedelnommer: 003524/2019
Datum van afsterwe: 2019-01-08
Krediteur in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vordering in te lever by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 05-07-2019.
AGENT:
VAN ZYL-FOURIE ATTORNEYS
POSBUS 109
PETRUS STEYN, 9640
TEL: 082 455 6840

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

DIENTE

BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
PLEK: N.G Kerkzaal (Suid)

- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vaksiedag en lang naweek).
- 26 November 2019

HOËRSKOOL HEILBRON GIMNASIUM
WORD FIKS . LEEF STERK
R250 per maand
Ma-Sa 08:00-20:00
Kontak - 081 848 6301

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Bespreek by
Magda Bierman 083 292 1503

TE KOOP

TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak
Jolandri 079 846 1075
Heilbron

BESIGHEIDSURE
MAANDAE TOT DONDERDAE - 07:30 tot 17:00
VRYDAE - 07:30 tot 16:30
SATERDAE - 08:30 tot 13:00

Mooi fotorame nou beskikbaar

Jou een STOP Winkel

Herald Office National
Elsstraat 44
Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

BAAL VAN OESRESTE
Baal van mielereste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

HEILBRON KLINIEK
Griepsuite nou beskikbaar by kliniek.

ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

T800 EXECUTIVE VISITORS CHAIR IN BLACK BONDED LEATHER.
Bright Aluminium Frame
- R2 995 Vat included. 3 year warrantee excludes normal "wear & tear" - While stocks last.

Herald Office National
Elsstraat 44
Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033
E-Pos: john@heilbron.co.za

JAAR-BEPLANNER

AUGUSTUS
2-3 Boeretreat
21 Huis- en Tuinbouklub vergadering

SEPTEMBER
18 Huis- en Tuinbouklub vergadering

OKTOBER
12 SPAR-Gholfdag
23 Huis-en Tuinbouklub vergadering

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Oir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

TE KOOP

Fast, Reliable Wireless Internet
Now Available!!
From R299.00 p/m

Kerk Str. 44
Heilbron
072 847 4495
info@gigtechnologies.co.za

www.gigtechnologies.co.za 086 148 3447

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer

"Om die Koppie" hindernis

Heilbron Ruiterklub wat al reeds 20 jaar bestaan, nooi almal uit na hulle jaarlikse JULIE geleentheid, hierdie jaar genome "Om die Koppie" te Vegkopterrein wat geleë is in die Riemlandstreek.

Dit is dan nou ook hier waar die slag van Vegkop in Oktober 1836 plaasgevind het.

Vir die "Dress Up" besluit jy op jou eie tema, gepas vir die dag. Daar sal weer ietsie te eet en te drink te koop aangebied word op terrein.

Ruiters skryf hierdie jaar in as 'n span van twee. Die roete van ongeveer 15km, skop af by die Vegkopterrein met 'n kort hindernisbaan. Dit strek dan oor sewe plase. Vegkopterrein is drie Titelaktes, Vegkop - Oos (Johnny), Doringhoek + Enkeldoringdam

(Retha) en Hertzog (Tannie Christine), die Vegkopspruit vind ook sy weg deur van hierdie plase. As jy met jou perd die roete gaan stap gaan jy ongeveer 6km per uur vorder. Indien jy met jou perd draf sal die gemiddelde spoed min of meer 13km per uur wees. Die roete strek oor die Vegkop-plato waar jy in die skadu van 'n wit stinkhoutboom ietsie kan drink en die Goya hutte kan besigtig. Heilbronners kan gerus hulle dansskoene solank afstof en die dag saam met die ruiters kom afsluit met 'n heerlike dans. Bring 'n mandjie met eie eet-, drinkgoed en eetgerei saam. Vure sal ook beskikbaar wees vir diegene wat wil braai.

Vir verdere navrae kontak gerus vir Eddie Swart by 082 449 9113.



HEILBRON HERALD, VRYDAG 22 AUGUSTUS 2003

INGENIEURSDROOM BEWAARHEID - Twee leerlinge van die Sediba-Thuto Sekondêre Skool op Heilbron se nuuskierigheid oor die werking van die motor het sover gegaan dat hulle besluit het dat hulle hul eie moet bou. Joseph Mzizi en Elias Mokhele het uit afvalmateriaal wat hulle oral versamel het, hierdie pragstuk gebou. Dit het hulle ses maande geneem om al die los stukke, 'n stuurkas onder andere, en 'n tweeslag petroleenjintjie in die hande te kry. Hulle het oral los werkies gedoen en so is die droom bewaarheid. Volgens Joseph is hulle volgende projek 'n vliegtuig en glo hulle dat hierdie droom ook bewaarheid sal word.

RUITERKLUB DANS 18:00 TOT LAAT

TEMA "MEXICO"

TOEGANG - R25

Heilbron Ruiterklub

bied aan

"OM-DIE-KOPPIE"

HINDERNIS

SPANNE VAN 2 RUITERS (R50/RUITER)

SATERDAG 13 JULIE 2019

VEGKOP TERREIN

9:30

TOEGANG: R10

MODE-SKOU

ENIGE TEMA - PAARTJES / ENKEL INSKRYWINGS - GROOT PRYSE TE WEN

Heilbron Ruiterklub

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033

E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00.

Wen met woorde

Neem deel aan SPUR se woordsoektog

As jy aan die volgende vereistes voldoen, dan is hierdie kompetisie net vir jou. Mamma's, help jou kind en soek die volgende 11 woorde in die woordsoek hier langsaan en staan 'n kans om 'n Kiddies Meal geskenkbewys te wen. Die reëls is maklik en eenvoudig: Kinders moet tussen die ouderdom van vier tot 12 jaar wees om deel te neem. Soek al die woorde, knip die woordsoek uit en gaan gee dit in by Buffalo Valley Spur Heilbron. Slegs woordsoeke wat uit die Heilbron Herald uitgeknipt is, word aanvaar. Vul jou naam, telefoonnommer en ouderdom op die woordsoek in sodat jy gekontak kan word indien jy 'n wenner is. Die eerste 20 kinders wat aan die vereistes voldoen en die woordsoek by die Spur gaan aflewer, sal 'n Kiddies Meal geskenkbewys ontvang. Op jul merke, gereed, soek!

SECRET TRIBE

Word Search

Find the words and stand a chance to win!

Waffle
Desserts
Milkshake
Riblets
Soft Serve
Spur
Viennas
Canyon
Classic
Sodas
Bar One

Name _____
Age _____
Tel _____

B	B	T	S	O	D	A	S	I	C	S	D	C	D
E	U	S	E	M	J	O	S	W	A	F	F	L	E
B	A	R	O	N	E	L	A	I	N	L	P	A	S
E	N	S	G	O	Y	O	N	E	Y	O	I	S	S
D	I	D	N	E	Z	L	N	S	O	A	Z	S	E
Y	X	S	P	U	R	G	E	O	N	T	Z	I	R
E	S	O	E	R	N	S	I	N	C	S	A	C	T
S	O	F	T	S	E	R	V	E	U	A	F	G	S
R	I	B	L	E	T	S	T	E	P	A	B	D	R
R	P	O	M	O	M	I	L	K	S	H	A	K	E

SPORTverslag

Bokkedag was vir oud en jonk

Geldpot staan steeds

Die Heilbron Gholfklub het verlede naweek hulle jaarlikse Bokkedag aangebied. Die dag is goed ondersteun deur spelers en besoekers van Bloemfontein tot in Pretoria. Al twee dae is gewen deur besoekers, wat weer bewys het dat die voorgee-stelsel nie gunstig is vir plaaslike spelers nie. Beide dae se wen tellings was 41 punte.

Spelers kon ook wed op die moontlike wenner van Saterdag en gelukkig vir die klub het 'n buiteperd gewen en kon die klub die hele geldpot hou. Gedurende die veiling Saterdag is daar 'n bok en 'n skaap opgeveil en koop Chris Schutte (links) die skaap vir R3 000. Hy moes egter hulp kry om die mooi Vrystaat skaap te dra. Jan Sauer was byderhand om Chris te help.



Chris Schutte (links) en Jan Sauer.

Britz seuns presteer op die rugbyveld



Handré Britz (Bees) 0/13 rugbyspeler van Hoërskool Heilbron is gekies vir die Vaaldriehoek Streeks span wat van 24 tot 28 Junie 2019 in Naboomspruit deelgeneem het. 25/6: Noord Transvaal Noord verloor 5-0. 26/6: Wes Transvaal gewen 26-12. 27/6: Verre Noord verloor 19-12. Finale: Natal gewen 17/7. Die Britz gesin bedank die gemeenskap, alle afrigters en borge vir hulle bydraes. Hy neem die naweek op 6/7 deel in Pretoria by Hoërskool De Wilgers in die B-span. Daar sal dan 'n toergroep gekies word. Sterkte Bees.



Tiaan Britz was gekies vir die Valke-span. Dit is 'n groot prestasie vir een van Hoërskool Heilbron se leerders en 'n hoogtepunt om die 2019 seisoen mee af te sluit. Daar hoef nie teruggestaan te word vir ander skole nie. Die Valke-span is gekies uit 1 870 leerders/spelers in die streek en plus minus 180 skole was verteenwoordig. Dis 'n voorreg om gekies te word vir die Valke span. Die Britz gesin bedank die skoolhoof, ouers, spanmaats en die onderwysers/resse, al die afrigters en almal wat hom geborg het en bygedra het.

Heilbron Krieketklub nuus

Six a Side kriekettoernooi

Es spanne het deelgeneem aan die toernooi en het Punjabi Boys het teen Heilbron dorps span in die finaal gespeel en gewen. Die toernooi is gehou vir

fondsinsameling vir Heilbron Dorp Krieketklub met die oog op die liga wat begin in Augustus. Heilbron Krieketklub bedank Pakworks vir die borg.



Six a Side winners Punjabi Boys.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige
Lewendehawe bemaking,
Uit-die-hand-transaksies of
veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 9 JULIE 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 10 JULIE 2019

KLERKSDORP : PURPLE RAIN PROPERTIES

Plaas en 415 Dohne Merino boerskape
11:00, Goedgevonden, Klerksdorp
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 11 JULIE 2019

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

VREDE : OOS-VRYSTAAT VELDRAM KLUB
50 Prestasiegetoetste en veldangepaste Merino ramme
11:00, Vrede veilingsskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

VRYDAG - 12 JULIE 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

